

DIE GEBOORTEDATUM VAN JESUS HERBEREKEN

Een van my vriende in die internetgemeente vra my wat ek dink oor die viering van kersfees op 25 Desember. My antwoord aan hom is belangrik vir waarom ek die volgende twee weke gaan skryf waaroor ek gaan skryf.

Terwyl ek hieroor nagedink het, het ek skielik besef dat ek en my familie NOOIT “kersfees” gevier het nie! Wat ons eenmaal 'n jaar herdenk het, was die geboorte as mens van Jesus, die Christus, wat ons leer ken en volg as Koning, Here, Verlosser en Doper met die Gees.

Ons weet seker teen hierdie tyd almal (of behoort ten minste te weet) dat Christus beslis nie op 25 Desember van enige vorige jaar gebore is nie.

Om Jesus se koms te vier, en ook Sy geboorte, was van die begin af nie om daarmee te sê dat Jesus op 25 Des gebore is nie. Dit was ook nie eers Konstantyn die Grootte se mening en bedoeling - wat destyds die Romeinse Keiser was wat dit ingestel het nie.

Ek ken al die verskriklike stories wat vertel word van Konstantyn en waarom hy dan sekere dinge sou gedoen en sekere dinge in die destydse Christelike kerk sou ingevoer het (wat ek en jy, so tussen ons gesê, maar met 'n knippie sout moet neem!).

My eie opinie daaroor is die volgende:

Hier was 'n Romeinse Keiser - van die grootste wêreldryk wat die wêreld nog ooit gehad het - wat eers 'n totale heiden was, maar aan wie Christus persoonlik kom verskyn het en wat toe, absoluut merkwaardig, tot bekering gekom het! En is sy totale voortvarendheid - en as 'n totaal onvolwasse geestelike baba - en met baie swak leiding van die sogenaamde kerkleiers vir wie hy gevra het, het hy probeer om met sy outoriteit en gesag en posisie, dit vir die massas so maklik “moontlik” te maak om ook hierdie God te leer ken wat hy leer ken het.

Een van die maniere wat hy toe op besluit het, was om 'n dag te kies in die jaar waar elke wêreldling as't ware “gedwing” gaan word om kennis te neem van Jesus, die Christus, wat 'n bietjie meer as 300 jaar gelede (in sy tyd) gebore is, en ook van alles wat oor Hom gesê is.

En hy besluit toe om Jesus se koms na hierdie aarde, as die Seun van God wat mens geword het, te vier. Toe hy moes besluit, besluit hy om 'n dag te kies waarop almal klaar fees vier, en daardie dag was 25 Des waarop die koms van die Son gevier word, na die lang en koue winter wat verby is (onthou hy was in Europa waar dit tot in Desember ysig winter is).

Verder het hy, in sy naïewe kinderlikheid geglo dat hierdie “heidense feesdag” met alles wat hy oor Jesus geweet en geglo het, kon assosieer.

Soos ek gesê het is ons standpunt oor die viering van die geboorte en koms van Jesus die Christus na hierdie aarde die volgende: ja, ons het in ons familie gekies om dit beslis te vier as een van ons baie kosbare en wonderlike familiefeeste! Dit is ook een van ons familietradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word, en wat op 'n baie spesifieke manier by ons (en almal wat saam met ons is) gevier word. Ons vier dit nie op 25 Des nie, maar eerder op 24 Des, die aand!

Jy sal ook daarom in my nuusbrieffies met Woord sien dat ek elke jaar 'n nuusbrieffie met Woord op hierdie dag uitstuur omdat ek met graagte die viering van miljoene der miljoene gelowiges van die koms van Jesus die Christus respekteer en hoog ag.

Verder is my hart immers om elke geleentheid te gebruik, wat ek het en in die hande kan kry, om Jesus Christus, Sy koms, die ware evangelie en die ware boodskap van die evangelie te verkondig so hard en so duidelik as wat ek kan!

En as die wêreld om my, om watter rede ookal, vir meer as 'n maand byna, al die dekorasies in hulle winkels, in die tydskrifte, op straat, in die fliëks, en waar hulle dit moontlik ookal kan doen, alles fokus op “kersfees” en dit wat dit verteenwoordig na hulle opinie, gebruik ek dit met graagte as 'n baie hoë en duur platform (waarvoor hulle alles betaal) om vir die wêreld te vertel wat eintlik die waarheid oor Sy koms is.

‘Skuus, vir die lang en uitvoerige antwoord. Maar ek weet baie van julle wou ook gevra het!

DIE GEBOORTE VAN JESUS, DIE CHRISTUS, HERBEREKEN - DEEL 1

Inleidend

Kom sit hier by my, dan wys ek vir jou in hiedie volgende twee weke tot Kersdag vanjaar, dat die nuutste inligting tot ons beskikking aantoon dat Jesus, die Christus, gebore is in 3 v. C., eerder as al die ander datums wat voorgestel word van 4 v. C. tot so laat as 7 v. C. Die bevinding is gebaseer op moderne geskiedkundige, argeologiese ontdekkings en selfs bevindinge in die sterrekunde.

Natuurlik is die berekening van wanneer Jesus, die Christus, werklik as mens gebore is, ten eerste gebaseer op inligting wat ons uit die Bybel, en in die besonder in die Evangelieverhale oor Hom vind. Maar die nuwe berekeninge klop ook met van die kronologiese berekeninge wat die vroeë Christen-kerkhistorici en -kerkvaders gemaak het toe hulle Sy geboortedatum as in 3 of 2 v.C. bereken het. Asook dit wat ons vind in ‘n baie belangrike buite-bybelse stuk geskiedskrywing oor die geskiedenis van Palestina gedurende die tyd van Jesus, die Christus, se lewe, naamlik dié van die Joodse geskiedskrywer, Flavius Josefus, wat geleef het van 37 n.C. tot om en by 105 n.C.

Ek gaan ook vir jou aantoon waarom Josef en Maria na Betlehem gegaan het gedurende ‘n Romeinse sensus. Dan gaan ek vir jou wys dat ons met die wonderlike sterrekundige rekenaarprogramme wat vandag beskikbaar is, die ster wat die Magi of Oosterse sterrekykers gesien het, vandag met redelike sekerheid kan identifiseer.

Op grond van al hierdie inligting kan ons dan met redelike sekerheid die presiese dag en datum van Jesus, die Christus, se geboorte bereken, asook die datum van die Magi se besoek aan hom.

Kom ons begin by wat Lukas vir ons in sy evangelie openbaar. Lukas begin sy evangelie soos volg: “Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om ‘n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgevind om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is. In die tyd van koning Herodes van Judea ...” (Luk. 1:1-5).

So weet ons uit sy evangelie dat Jesus, die Christus, omtrent 30 jaar oud was toe Johannes die Doper met sy bediening begin het en dat dit gebeur het in die 15de jaar van Keiser Tiberius se regering (Luk. 3:1,23).

Verder weet ons ook dat Johannes 6 maande ouer was as Jesus (Luk. 1:24,26). Dit beteken dat as ons Sy geboorte in 3 v.C. sou neem, sou Hy omtrent 30-31 jaar oud sou wees in 28/29 n.C. toe Hy met Sy openbare bediening begin het.

Een ding wat ons weet van Lukas se vertelling in die evangelie - wat hy geskryf het onder die inspirasie van die Gees - was dat hy altyd sy datums en tye baie presies aangedui het. Soos bv. dat Maria vir omtrent 3 maande by Elisabet gebly het (Luk. 1:56); dat dit omtrent net ‘n uur geduur het tussen die eerste keer wat Petrus Jesus verloën het en die tweede keer (Luk. 22:59); dat dit omtrent agt dae was nadat Jesus hierdie dinge gesê het wat die verheerliking op die berg plaasgevind het (Luk. 9:28); ens. Daarom moet ons die tydaanduidings wat hy ons gee, met groot erns bejeën.

Ander belangrike historiese en Bybelse gegewens wat ons verder help in ons berekeninge is die volgende:

Baie van die ou Christenhistorici ondersteun ‘n geboortedatum in 3 v.C. Irenaeus, wat in die 2de eeu gelewe het, het byvoorbeeld gesê dat die Christus omtrent 30 jaar oud was met die aanvang van Sy openbare bediening. En Epifanius sê dat Jesus presies 29 jaar en 10 maande oud was to Hy met Sy bediening begin het.

Al die oud-Romeinse verslae wat ons uit die eerste eeu het (geskiedskrywings, munte en ander inskripsies) dui aan dat Tiberius se eerste regeringsjaar begin het in Augustus 14 n.C.

Dit beteken dat sy 15de regeringsjaar van Augustus 28 n.C tot Augustus 29 n.C. gestrek het. Wat dan die tyd is waarin Johannes die Doper en Jesus se openbare bediening 'n aanvang geneem het, volgens Luk. 3:1,23. Ander geskiedskrywers wat hierdie berekening ondersteun is Takitus, Seutonius, Plini, die oudste, Dion Kassius, Filo en Josefus.

As ons verder erns maak met historiese gegewens uit hierdie tyd, weet ons byvoorbeeld ook dat die sensus van Keiser Augustus, gedurende die tyd toe Sirenius goewerneur was in Sirië (wat die provinsie van Judea ingesluit het en deel was van die ryk van Herodus die Grote in 3/2 v.C.) ooreenstem met 'n geboortedatum-berekening van 3 of 2 v.C.

Tertullianus, 'n advokaat van beroep, bevestig in 2 n.C. dat Sentius Saturninus, wat die plaaslike goewerneur in daardie streek was, in 3 n.C. 'n sensus gehou het in Judea wat die menslike ouers van Jesus, die Christus, sou dwing om Betlehem toe te gaan daarvoor.

Die geskiedskrywer, Josefus, bevestig dat daar 'n registrasie van al die burgers in die Romeinse ryk in 3-2 v.C. plaasgevind het, ter voorbereiding vir die silwerjubileum-fees van Keiser Augustus (wie se ampstermyn begin het in 27 v.C), waarin die hoogste dekorasie as "Pater Patriae" (Vader van die Vaderland) aan hom op 5 Februarie 2 v.C. toegeken sou word.

Tydens hierdie registrasie moes al die burgers weereens hulle lojaliteit tot die Romeise keiser bevestig deur hulle persoonlike handtekening. Dit is dan hierdie registrasie en herbevestiging van hulle lojaliteit wat beide Josef en Maria van Nasaret na hulle geboortedorp, Betlehem, laat gaan het om persoonlik dit te gaan teken, aangesien hulle albei uit die koningshuis van Dawid afgestam het (en omdat die Romeise owerheid dit in die besonder van die "koninklike nageslag" geëis het) (Luk. 2:4).

DIE GEBOORTE VAN JESUS, DIE CHRISTUS, HERBEREKEN - DEEL 2

Mat. 2:1 lui: "Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes..."

Hoe wonderlik is dit nie om vir mekaar met groot sekerheid te kan sê dat hierdie Bybelse feit nie net deur 'n groot massa wetenskaplike feite bevestig word nie, maar dat selfs die gebeure in die hemelruim en die sterre hierdie wonderlike waarheid bevestig!

Die grootste obstruksie oor die jare vir 'n datering van Jesus, die Christus, se geboorte in 3 of 2 v.C., was die aanvaarding dat Josefus se datering van Herodus se dood in 4 v.C. korrek sou wees. Maar uit noukeurige ondersoek blyk dit dat Josefus hom vergis en verspreek het met hierdie datering. Jy hoef maar net erns te maak met van die ander gegewens wat hy in hierdie selfde dokument van hom aan ons gee. Hy meld bv. self dat Herodus se dood direk voorafgegaan is deur 'n totale maansverduistering. En vandag weet ons dat die totale maansverduistering waarvan hy gepraat het dié van die 10de Januarie 1 v.C. moes wees.

Met die wonderlike sagterware-tegnologie wat vandag tot ons beskikking is, kan ons dit presies vasstel maar ook vandag presies vasstel wat die Magi of Oosterse sterrekundiges in die hemelruim gedurende daardie tyd gesien het - as ons dit met behulp van rekenaarsagteware na-simuleer.

Wat verder van belang is: Aan die begin van Augustus 3 v.C. tot Desember 2 v.C. het uitsonderlike gebeure in die hemelruim plaasgevind wat enige sterrekyker van daardie tyd absoluut sou fassineer het. In hooftrekke kom dit op die volgende neer: Eers was daar die bewegings van die planeete Jupiter, Venus en Mercurius wat die oog gevang het van 1 Augustus 3 v.C. af; tot Venus en Jupiter op 17 Junie 2 v.C. as't ware in die hemelruim "bots" - wat dan van die aarde se kant af sou lyk soos 'n "reuse nuwe ster" wat "skielik" verskyn het.

Maar dit is net die een helfde van die prentjie. Dan was daar ook die beweging van Jupiter en Regulus (in die Leo-sterrekonstelasië) wat op 14 September 3 v.C. sy hoogtepunt het. Asook die gebeure op 27 Aug. 2 v.C. toe die planeet Mars, as't ware Jupiter "inhaal" en saam met Venus en Mercurius so na aan mekaar geposisioneer is dat sterrekundiges vandag nog hiervan as 'n buitengewone "massing of planets" praat.

Kom ek haal vir jou aan wat Matteus daar in Mat. 2:1 tot 12 in die verband ons vertel. "Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom en gevra: 'Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.' Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld. Hy het toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar geroep en hulle uitgevra oor waar die Christus gebore sou word. Hulle het hom geantwoord: 'In Betlehem in Judea, want so is dit deur 'n profeet geskrywe: En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.' Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het. Hy het hulle na Betlehem toe gestuur met die woorde: 'Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys.' Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was. Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. En omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na Herodes toe terug te gaan nie, het hulle met 'n ander pad na hulle land toe teruggegaan."

In Mat. 2:1-12 lees ons dus hoe die sogenaamde "Magi" of Oosterse sterrelundiges, as gevolg van hulle waarnemings van hierdie planeete se beweging, na Judea kom om aan die "nuutgebore koning" te kom hulde bewys. Dit is dan ook die rede waarom hulle geskenke van goud, wierook en mirre saam gebring het.

Hoe merkwaardig is dit dan nie ook om te lees dat die Griekse vertaling van Jes. 60:6 juis hierdie drie geskenke aandui as die geskenke wat die vreemde konings sal bring na die Messias nie!

Oor hierdie Magi weet ons vandag dat hulle uit die Oosterse koninklike huis van die Parisaanse konings afgestam het. Hulle was 'n Oosterse koninklike priesterorde, soos die Leviete, wat spesifiek getaak was om aan die konings goddelike inligting te verskaf wat hulle verkry het deur hulle intense bestudering van die sterre se bewegings.

Die buitengewone beweging van die planeete gedurende veral 3 tot 2 v.C., en veral die "massing of planets" wat in 14 September 3 v.C. sy hoogtepunt sou hê, het dus met hulle as totale ongelowiges in 'n taal gepraat wat hulle baie goed verstaan het. Hulle het baie goed geweet dat 'n geweldig belangrike ding aan die gebeur was toe hulle op hierdie dag sien hoe Jupiter (die Koning-planeet), wat so pas in Augustus 3 v.C. verenig het met Venus (die Moeder), nou bymekaarkom met die Koning-ster, Regulus (die ster wat die Joodse Messias aandui, volgens Num. 24:17) - wat deel was van die Leo-sterrekonstelasië, wat juis Juda se sterreteken was. Verder het hulle ook gesien waar die Son (wat die Groot Vader verteenwoordig het), binne-in die sterrekonstelasië, Virgo, homself bevind het.

As Christengelowiges sien ons al die Bybelse temas hierin gereflekteer wat ons vandag assosieer met die geboorte en persoon van die Christus, oor wie geprofeteer is dat Hy gebore sou word uit 'n maagd en dat Hy uit die stam van Dawid sou afstam.

Uit die Skrif weet ons dat die Magi in Jerusalem gearriveer het 'n tydjie na Jesus, die Christus, se geboorte (Mat. 2:2). Ons weet verder dat Hy toe reeds besny was, volgens Luk. 2:21, en tempel toe geneem is so 40 dae of wat na Sy geboorte (Luk. 2:22-24). Lukas vertel dan aan ons: "Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret" (Luk. 2:39). Dit beteken dat hulle nie dadelik na Jesus se geboorte reeds Egipte toe is nie. Dan lees

ons verder dat hulle om die een of ander onbekende rede weer Betlehem toe gaan om daar te gaan woon (Mat. 2:11).

Die Magi volg intussen die planeet Jupiter van waar hulle in die Ooste gewoon het, op sy normale Westelike roete, wat hulle dan na Jerusalem toe neem. Daar staan hulle dan Herodus eers te woord.

In die lig van die woorde van die priesterhoofde en skrifgeleerdes, vertrek hulle dan Betlehem toe. Daar sien hulle, saam met alle sterrekyners, hoe Jupiter, as gevolg van die aarde se beweging rondom die son en Jupiter se eie wentelbaan, vir 'n kort tydjie as't ware lyk asof dit gaan "stil staan". Die datum wat dit plaasgevind het (volgens die rekenaarsagteware-program) is dan presies op 25 Des. 2 v. C.

Wat dit verder sterrekundig aangrypend maak is dat Jupiter in die middel van die ster-konstelasië, Virgo, die Maagd, gaan "stil staan" het!

Toe die Magi arriveer in Betlehem, het die ouers van Jesus alreeds in 'n huis daar gewoon, en nie in 'n stal soos die meeste "kerskaartjies" dit teken nie (Mat. 2:11). Daar het hulle dan Jesus, die Christus, vereer. Die Grieks van die Nuwe Testament bevestig dan ook dat Jesus nie meer 'n baba op hierdie stadium was nie, maar reeds 'n klein kindjie, as ons lees dat Hy daar 'n "paidion" genoem word, wat 'n "kindjie" beteken, en nie meer 'n "bephepos", wat "baba" beteken nie.

Nadat hulle Hom met hulle geskenke vereer het, gaan hulle met 'n ander roete terug huis toe, na die waarskuwing van die engel. Dan lees ons hoe die ouers van Jesus, met die kindjie, vlug Egipte toe in laat-Desember 2 v.C.. En dit is dan wanneer Herodus, in sy paranoïese vrees, alle manlike kinders van twee jaar en jonger in en rondom Betlehem laat vermoor, in die lig van dit wat die Magi aan hom vertel het.

DIE GEBOORTE VAN JESUS, DIE CHRISTUS, HERBEREKEN - DEEL 3

Kom ons sit in hierdie laaste deel van ons herberekening van die datum waarop Jesus, die Christus, dan as mens gebore is, al die gegewens wat ons "her-ontdek het", aanmekeer.

Ons weet seker nou almal reeds dat Jesus dus nie op 25 Desember van watter jaar ookal gebore is nie. Uit ons berekening weet ons nou wel dat die Magi of Oosterse sterrekundiges Hom op die 25de Desember 2 v.C. met hulle skenke kom vereer het en dat Hy toe al 'n hele klompie maande oud was.

Om Jesus se geboortedatum te bereken, moet ons eers die kronologiese inligting oor die geboorte en lewe van Johannes die Doper in berekening bring.

So weet ons byvoorbeeld dat Johannes 6 maande ouer was as Jesus (volgens Luk. 1:24,26 en 36). Verder weet ons ook dat Johannes met sy bediening begin het in die 15de jaar van Keiser Tiberius - wat dan van 19 Aug. 28 n.C. tot 18 Aug. 29 n.C. gestrek het - volgens Luk. 3:1. Ons het ook reeds vir mekaar vertel dat Jesus self met Sy openbare bediening begin het tot Hy "omtrent 30 jaar oud was", volgens Luk. 3:23.

Verder weet ons ook dat Johannes die Doper se moeder bevrug is gedurende die tyd toe sy pa besig was om sy priesterlike pligte te vervul, op die aangewese tyd wat sy diensgroep moes diens doen in die tempel (Luk. 1:5 e.v.). Ons weet ook dat Sagaria uit die diensgroep van Abia was, wat gewoonlik die 8ste diensbeurt uit die gewone 24 diensbeurte waargeneem het (volgens die 24 diensbeurt-stelsel wat Koning Dawid nog ingestel het (1 Kron. 24:10)). Aangesien elke diensbeurt vir 'n week lank geduur het, het die Abia-diensgroep 2 keer per jaar diens gedoen. Die 8ste diensgroep se eerste diensbeurt was dan van 19 Mei tot 26 Mei.

Maar, soos ons lees, het die engel aan Sagaria gedurende sy diensbeurt verskyn en het hy stom geword. Wat hom onmiddellik ongeskik gemaak het vir verdere dienslewering as priester gedurende daardie diensbeurt, volgens Lev. 21:16-23. Hy is dus onmiddellik huis toe gestuur toe dit gebeur het. Hy het heelwaarskynlik êrens tussen 26 Mei en 1 Junie huis toe gekom, en dit was dan in hierdie tyd wat sy vrou, Elisabet, swanger geword het.


Voltooi ons dus hierdie berekening, sou Johannes rondom 10 Maart 3 v.C gebore gewees het. Wat Jesus, die Christus, se geboorte so ses maande later, êrens in die eerste helfde van September 3 v.C. dateer.

Die rede waarom die meeste geleerdes aanneem dat dit hierdie gebeure in Sagaria se lewe nie tydens sy tweede diensbeurt gebeur het nie, is omdat dit Johannes se geboorte na middel-September dan sou verskuif het en Jesus s'n na Maart-maand. En dit sou dan beteken dat Jesus se ouers Betlehem toe moes gaan gedurende die hoog-reënseisoen, wat hoogs onwaarskynlik in daardie streke sou wees.

Wat dit verder bevestig was die gebeure 30 jaar later. Toe het Johannes heelwaarskynlik in die meer droeër seisoen die mense gedoop, wat dit in Augustus-September geplaas het en wat dan heeltemal sin sou maak, eerder as 6 maande later, in Februarie-Maart, wat dit heeltemal te koud was vir die dopery.

'n Laat-Somer of vroeg-Herfs-datering word verder bevestig as Lukas vir ons vertel dat die herders na hulle skape die nag in die veld omgesien het toe Jesus gebore is (Luk. 2:8). (Alhoewel dit nie omstootbare getuienis is nie, bevestig dit wel ons datering (omdat die winters nie deurentyd in Palestina so straf was nie en dat skape soms wel selfs in die wintermaande buite gelos is).

'n Verdere sleutel ter bevestiging van hierdie datering van Jesus, die Christus, se geboortedatum lê opgesluit in die simbool waarvan ons in Op. 12:1-6 lees. Kom ek haal dit vir jou aan, met my interpretasie in hakies tussen-in: "Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn ('n bepaalde sterrekonstelasie, bv.): daar was 'n vrou (die sterrekonstelasie, Virgo) met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre (in die Norton se Sterre-Atlas is daar 12 sigbare sterre rondom die "Virgo" se kop, nl Pi, Nu, Beta, Sigma, Chi, Iota, Theta, Ster 60, Delta, Ster 93, Beta en Omikron). Sy was swanger (die maagd, Maria, wat swanger was met Jesus, die Christus) en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar. Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak (een van die sterre in die Leo-konstelasie) met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone. Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou gestaan (in die vorm van Herodus, die Grote) wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring. Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun (Jesus, die Christus), bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe (met Christus se hemelvaart), en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg."



As ‘n mens verder die posisies van die son en die maan in hierdie “teken” met erns bejeën, en kyk presies wanneer alles in die hemelruim in posisie was soos Johannes dit in hierdie profetiese woord beskryf, was alles presies so in posisie vir plus minus 2 ure, van 18:15 tot 19:45 op die 11de September 3 v.C., as jy daarna sou kyk vanuit Palestina. Dit was ook die enigste tyd daardie betrokke jaar wat dit presies so gelyk het. Dit was dan heelwaarskynlik presies die tyd wat die engel aan die skaapwagters in die veld verskyn het met die boodskap oor Sy geboorte (Luk. 2:8-11).

11 September 3 v.C. is om ‘n ander rede ook ‘n geweldig betekenisvolle dag. Dit was Tishri 1 op die Joodse Kalender. Met ander woorde, die Joodse Nuwejaar, ook bekend as Rosh Ha’shanah, of soos die Bybel dit noem, die Dag van die Trompette (Lev. 23:23-25).

Is dit nie aangrypend nie! Wat ‘n betekenisvolle dag vir die Messias om op aarde te verskyn! Om so te sê: ‘n nuwe tyd het aangebreek! Dit is ‘n nuwe begin vir Planeet Aarde, en so vir die hele Skepping.

Die Joodse feesjaar omvat 7 van die 12 maande van die jaar, waar elkeen van hierdie feeste aangekondig is deur die blaas van ‘n trompet (Num. 10:10). Die laaste van hierdie sewe maande was Tishri, en die laaste van die 7 trompette wat geblaas sou word, sou dan op Tishri 1 geblaas word (presies op tyd, 18h00) en betyds om die geboorte van die Messias die aand aan te kondig. Die Dag van die Trompette is ook die “Memorial day” vir die Jode, waarop hulle nadink oor die dag waarop ons weer almal mekaar gaan ontmoet en weer sal sien met die Finale Opstanding en Koms van die Messias. Dit was natuurlik ook die dag van die jaar waarop enige nuwe koning wat aan bewind moes kom, gekroon is as die nuwe koning. Op 1 Tishri, 3 v.C., het Planeet Aarde ‘n nuwe Koning gekry en het Sy Koningskap aangebreek!

Kom ons rangskik die gebeure in Jesus, die Christus, se lewe hier op Aarde kronologies in die lig van al hierdie gebeure en inligting:

- Josef en Maria het Betlehem toe gegaan vir die sensus kort voor die aanvang van die Joodse Nuwejaar, in die laat-somer, 3 v.C. (Luk. 2:4)

- Jesus is gebore in 'n stal vroeg-aand op 11 September 3 v.C. , op 1 Tishri.
- Hy is besny op die 19de September 3 v.C. (Luk. 2:21).
- Hy is gewy in die Tempel op 21 Okt. 3 v.C.
- Lukas sê in Luk. 2:39: “Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret.” Dit beteken dat hulle nie direk na Jesus se geboorte Egipte toe gegaan het nie.
- Vir die een of ander rede besluit hulle om Betlehem toe te trek en om daar te gaan woon. (Mat. 2:11). Dit kon in die Lente of Somer van 2 v.C. gewees het.
- En dan op 25 Des. 2 v.C., toe die planeet Jupiter “tot stilstand gekom het” in die middel van Virgo, met die meridiaan oor Betlehem, het die Magi in Betlehem aangekom met hulle geskenke wat vir die nuwe Koning bedoel was.
- Josef en Maria vlug daarna na Egipte, omdat die engel hulle gewaarsku het (laat Desember 2 v.C.)
- Herodus laat alle manlike kindertjies onder twee jaar in Betlehem en omgewing doodmaak, “... ooreenkomstig die tyd wat hy noukeurig by die sterrekykers uitgevra het” (Mat. 2:16). Nou verstaan ons dus ook waarom hy “twee jaar-oud en jonger” as die ouderdom gekies het van die seuntjies wat doodgemaak moes word, want Jesus was dan so 15 maande oud (en as jy nog die 9 maande-verwagtingstyd hierby tel, het ons presies 2 jaar).
- Josef en Maria keer terug uit Egipte en word vertel dat Herodus dood is (hy is dood op 1 Jan. 1 v.C.). Hulle gaan woon dan in Nasaret (Mat. 2:19-23).
- In die Lente, 11 n.C., besoek Jesus, die Christus, saam met sy ouers, weer Jerusalem vir die Paasfees (Luk. 2:41-42).
- Jesus, die Christus, begin Sy openbare bediening in Oktober of November 29 n.C. En dit is in lyn met wat in Luk. 3:23 staan as daar staan: “Toe Jesus met sy werk begin het, was Hy omtrent dertig jaar oud.”

(Hiermee wil ek erkenning gee aan die artikel van Jack Ballinger, van Maranatha Gemeente in Oklahoma City, wat as “Birth of Christ Recalculated” op die web verskyn het by <http://www.versebyverse.org/doctrine/birthofchrist.html>) wat my gehelp het om hierdie herberekening vir myself en ander te doen).